

**Mignon van Vreden** is 'n lektor in Musiekopvoeding aan die Skool vir Musiek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Haar spesialiseringsrigting is musiek in vroeë kinderontwikkeling en haar PhD het gehandel oor die integrasie van musiek in Graad R. Sy is ook aktief betrokke in die gemeenskap by verskeie skole as begeleidster en musiekopvoeder.

e-pos: mignon.vanvreden@nwu.ac.za

# "HEER, 'N KLEINE KINDERBENDE SING SY LOFLIED TOT U EER!"[1]

MIGNON VAN VREDEN
MASARA, POTCHEFSTROOM KAMPUS, NOORDWES-UNIVERSITEIT

**SLEUTELKONSEPTE**

Kinders, spiritualiteit, religieuse groepsang (gewyde sang), geestelike bewussyn, misterie, gebed, lofprysing, gevoelsuiting (uitdrukking/ekspressie), kreatiwiteit, verbondenheid.

**ABSTRACT**

The purpose of this article is to explore how singing in a religious singing assembly once a week contributes to the spiritual wellbeing of a group of learners from a primary school in Potchefstroom. Creative applications of music as a school activity that supports the spiritual wellbeing of the learners are explored. The literature study describes childhood spirituality in a Christian context through an awareness of spirituality, the nurturing of spirituality through group singing, the role of cognition and the relationship between individuality and spirituality. Data collection involved multiple sources of information through observations and interviews. Through informal discussions with learners and my own observations whilst accompanying religious singing assemblies, data was analysed to compare learners' experiences with the relevant literature. Seven aspects related to spirituality in childhood through religious singing were identified: prayer, creativity, praise and worship, emotion, joy, expression and connectedness.

[1] Hierdie titel is die eerste reël van Halleluja-lied 356 uit *Die Halleluja* (Greyling, 1951:395). Die lied se eerste strofe is 'n beskrywing van 'n groep jong kinders wat tot eer van God sing en in gebed voor Hom buig.




**KONTEKSTUALISERING**

> Op 'n vars herfsoggend hardloop ek die verhoogtrappies uit en skuif agter die klavier in vanwaar ek elke jong gesiggie in die skoolsaal kan sien. Ek kyk oor die see van gesigte terwyl my vingers outomaties geliefde kinderliedere begelei. Ek kan die vreugde en opgewondenheid in elke oomblik aanvoel: die kinders sing met soveel entoesiasme! Die vrolikheid en samehorigheid bereik 'n klimaks met die voorlaaste lied, "Weet jy nie, weet jy nie jy's 'n tempel?", wanneer al die leerders spontaan hul hande opwaarts lig en die lirieke uitbeeld, kompleet asof die lied 'n liggaam kry. Ek ervaar 'n intense bewussyn van God se teenwoordigheid.

Hierdie *vignette* beskryf 'n moment waarin 'n "kleine kinderbende" 'n loflied met oorgawe sing. Die "kinderbende" wat hier ter sprake is, is 'n laerskool in Potchefstroom waar ek weekliks die klavierbegeleiding tydens die skool se gewyde sangperiode behartig. Hierdie lied is 'n gunsteling onder die leerders. Die kinders word in hul moedertaal onderrig, wat Afrikaans is. Alhoewel

die grootste persentasie van die leerders wit is, is daar ook bruin en swart kinders in die skool.[2] Die doel van hierdie periode, wat ongeveer 30 minute lank is, is religieuse sang.[3] Die hele skool, van Graad 1 tot Graad 7, kom op 'n Dinsdag aan die begin van die dag in die saal bymekaar en sing geestelike liedere waarvan die lirieke met behulp van *powerpoint*-skyfies aan die leerders vertoon word. Die eerste lied wat gesing word, is altyd "Goeie Nuus" (tradisioneel), wat die uitkoms van die gewyde sangperiode bevestig, naamlik die goeie nuus van Jesus Christus. Die styl van die liedere wissel van meertalige kontemporêre tot tradisionele geestelike liedere. Meertalige liedere sluit Engels, Setswana, isiZulu, Nederlands, Afrikaans en Mandarynse liedere in. Die tradisionele liedere kom uit *Die Halleluja* (1951), *Liedboek van die Kerk* (2001), *Jeugsangbundel* (1984), *Jeugsangbundel 2* (1993), *FAK-sangbundel* (2007) en die *FAK-sangbundel Volume 2* (2012). Die kontemporêre liedere is deur Suid-Afrikaanse en internasionale kunstenaars gekomponeer, waaronder Danie Botha (*Die Houtkruis,* 1996), Phil Vischer en Mike Nawrocki (*Bob & Larry's Sunday morning songs,* 2002), Jan de Wet en die loflaaities *(Loflaaities 3 & In aanbidding,* 2007; *Jan de Wet en die loflaaities Versameling,* 2009a), Simeon Hamman (*Simeon en tjommies,* 1995), Clemens Mans (*Clemens en die Kruiskyk Kewers,* 2011; *Jesus is naby,* 2013) en Cor en Laetitia Uys (*Oom Karoolus & Lente sing 80 bekende Jesus-kinderliedjies,* 2005). Die leerders sing ook nuwe komposisies en bekende instrumentale werke waarvoor daar lirieke geskryf is. 'n Voorbeeld hiervan is die temalied van die film "Chariots of Fire", waarvan die oorspronklike klankbaan as begeleiding gebruik word. Die oorgrote meerderheid van die liedere word deur my op die klavier begelei met leerders uit die skool wat kitaar, klarinet en viool speel.

## NAVORSINGSMETODE

In hierdie artikel beskryf ek 'n gevallestudie wat in 2015 uitgevoer is. Eerstens word daar 'n oorsig van literatuur gegee wat oor spiritualiteit in 'n Christelike konteks handel; die doel daarvan is om die waarde van religieuse groepsang vir kinders, naamlik om spiritualiteit te beleef, uit te lig. Daarna word die ervarings van die leerders beskryf ten einde vas te stel of daar verwantskappe tussen die literatuur en die praktyk is.

Die doel van die navorsingsvrae is om die studie te rig en om kinders se spiritualiteit beter te verstaan deur middel van hul beskrywings of waarnemings daarvan in hul natuurlike omgewing (Mata, 2015:48). Hierdie navorsingsvrae is die volgende:

1. Hoe word kinders se spiritualiteit in die literatuur beskryf?
2. Hoe beleef en beskryf kinders spiritualiteit?
3. Watter liedere en/of musiek ondersteun spirituele ervarings tydens 'n gewyde sangperiode?

Data is versamel deur persoonlike waarnemings, asook deur informele individuele en groeps-gesprekke aangaande leerders se ervarings van spiritualiteit tydens hul weeklikse gewyde

[2] In hierdie artikel word kinders en leerders as sinonieme gebruik.

[3] Geestelike, religieuse en gewyde sang word afwisselend gebruik.

sangperiode. Ongeveer 20 graad 1 tot 7 leerders het spontaan aan die informele gesprekke deelgeneem. Omdat ek reeds vir byna 'n dekade by hierdie laerskool as begeleidster betrokke is, is ek goed bekend aan die leerders en het hulle spontaan met my kom gesels. Groepsdinamika was voordelig, omdat hulle minder bedreig gevoel het toe daar met hulle gesprekke gevoer is oor hul spiritualiteit, veral omdat hulle gemaklik in hul portuurgroep se geselskap voel (Hyde, 2008:69).

## KINDERS SE DIALEK TEN OPSIGTE VAN SPIRITUALITEIT

Dit is noodsaaklik dat navorsers bekend moet wees met die woordeskat en praktyke wat kinders in hul ontdekking van spiritualiteit gebruik. Ondersoek moet gedoen word oor hoe kinders daaroor praat, watter spirituele dialekte hulle gebruik en hoe hierdie dialekte aan religieuse taal verwant is. Tradisionele religieuse taal wat deur godsdiens vasgelê word, speel steeds 'n prominente rol in kinders se hedendaagse uitdrukking van spiritualiteit (Hay & Nye, 2006:107). Hay en Nye (2006:101) verduidelik dat die manier waarop kinders religieuse taal gebruik, insiggewend kan wees ten opsigte van die manier waarop hulle die multidimensionele karaktereienskappe van hul eie spiritualiteit identifiseer. Wanneer gesprekke met kinders oor spiritualiteit gevoer word, stel die skrywers (2006:65) drie kategorieë voor as aanvangspunt vir die gewaarwording van spirituele sensitiwiteit, naamlik

- 'n bewussyn (hier-en-nou, vloei, fokus en ingesteldheid);
- 'n misterie (verwondering, bewondering en verbeelding); en
- betekenis (vreugde, hartseer en goedheid).

Coles (1990:25) kritiseer die rol wat kognisie of intellektuele bedrywighede speel om kinders se spiritualiteit te probeer verstaan. Hy is van mening dat daar eerder aktief na die kinders self geluister moet word en daarteen gewaak moet word om self te interpreteer. Hyde (2008:65) beveel aan dat daar na die persepsies, bewussyn en reaksies van kinders op alledaagse aktiwiteite geluister word, sodat insigte in hul spiritualiteit kan verdiep. Aanvanklik is dit as vanselfsprekend ervaar dat die uitlewing van spiritualiteit op die gebruik van religieuse taal en konsepte gebaseer is (Hyde, 2008:46). Volgens Coles (1990:25) kan religieuse taal eerder 'n raamwerk verskaf om spirituele aangeleenthede te bespreek vir die uiting van kinders se spiritualiteit. Die spirituele en religieuse lewe van kinders oorvleuel, selfs wanneer hulle geen religieuse affiliasie het nie. Champagne (2001:80, 81) het oor kinders se waarnemings van spiritualiteit gereflekteer en drie dimensies van spiritualiteit geïdentifiseer waarna daar geluister moet word tydens onderhoude met kinders oor spiritualiteit:

- spiritualiteit as 'n menslike ervaring;
- spiritualiteit as 'n soektog na eenheid; en
- integriteit en spiritualiteit as 'n kwaliteit van bewussyn.

## DIE BEWUSSYN VAN SPIRITUALITEIT TYDENS DIE KINDERJARE

Alhoewel Hyde (2008:48) van mening is dat spiritualiteit buite 'n religieuse konteks bestaan, word spiritualiteit vir die doel van hierdie studie vanuit 'n Christelike perspektief ondersoek. Die formele praktyke van 'n religieuse tradisie kan aan sommige kinders die geleentheid gee om hul eie spiritualiteit uit te leef. Spiritualiteit is volgens Dowling (2014:174) nie net hoe daar oor God gedink word nie, maar ook hoe alle kinders hulself sien, hul verantwoordelikhede beskou en mislukkings hanteer.

Yob (2011:41) beweer dat indien ons geweet het wat spiritualiteit is, ons daarvoor sou *onderrig* het. Van der Merwe en Habron (2015:19) herfraseer haar stelling deur te sê dat indien ons geweet het wat spiritualiteit is, ons daarvan *bewus* sou wees. Die kompleksiteit van die definiëring van "spiritualiteit" behoort dus juis 'n aansporing te wees om dit te *koester* deur te onderrig met 'n *bewussyn* van kinders se spiritualiteit sonder om dit op hulle af te dwing. Van der Merwe en Habron (2015:3) beveel aan dat die maniere waarop musiekopvoeders, navorsers en kundiges van verwante velde spiritualiteit beskryf eerder ondersoek moet word as om na 'n definisie vir spiritualiteit te soek.

Holmes (2012:16) noem dat spiritualiteit deel van elke kind is. Die manier waarop hierdie spiritualiteit gekoester moet word, is volgens Roux (2006:156) 'n holistiese benadering wat op persoonlike ervarings gegrond is wat die religieuse, affektiewe, emosionele, kognitiewe en fisiese aspekte van die kind insluit. Spirituele bewussyn is volgens Goldman (1964:232) 'n doodgewone aspek van jong kinders se alledaagse ervarings en nie altyd iets buitengewoons wat parallel is aan 'n mistieke ekstase nie. Volgens Hyde (2008:59) moet daar gefokus word op kinders se persepsies, bewussyn en reaksies op dít wat aanvanklik as 'n gewone en alledaagse aktiwiteit geklassifiseer sou kon word. McCreery (1996) sê egter dat spiritualiteit 'n bewussyn van iets **anders**, iets **groter** as die alledaagse is. Die volgende aspekte van spiritualiteit is onder andere by kinders geïdentifiseer:

- 'n bewussyn van die verhouding of verbintenis tussen die self en ander se leefwêreld (Hyde, 2008:54);
- wysheid, naamlik om die onsigbare te sien;
- bepeinsing van lewensvrae (Hart, 2003:17);
- bewondering en misterie (Dowling, 2014:170);
- die belewing van 'n spesifieke ervaring, die integrasie van bewussyn, die vervlegting van betekenis en spirituele bevraagtekening (Hyde, 2008:54); en
- verwondering (Dowling, 2014:179).

Thun (1964:213) het bevind dat kinders van Graad 2 af die kapasiteit vir verwondering demonstreer, oftewel 'n bewussyn van *mysterium tremendum* en *mysterium fascinas*, terme wat deur die Duitse filosoof en teoloog Rudolf Otto gebruik is om die betekenis te beskryf van die woord *numinous,* wat na die ervaring van die oorweldigende teenwoordigheid van God verwys (Otto, 1950:5). Holmes (2012:13) beskou spiritualiteit as 'n dinamiese krag in die lewe van 'n kind wat die wyse kan bepaal waarop hulle die lewe, wêreld en oomblikke ervaar. Hierdie dinamiese

krag beweeg en verander met tyd en situasies (intern sowel as ekstern) en vorm nege bane van spiritualiteit wat bestaan uit emosies, verwondering, positiewe aspekte, kosbaarheid, betekenis, antwoorde, die mens self, ons leefwêreld en mense met 'n impak van wisselende sterktes en manifestasies.

Die wêreld waarin kinders in die Westerse kultuur sosialiseer, is dikwels destruktief ten opsigte van hul spiritualiteit (Hyde, 2008:52), omdat jong kinders bewus is en 'n begrip het van hul verhouding met die omgewing alvorens hulle dit kan benoem. Volgens Carlsson-Paige (2001:18) begin kinders rondom vyfjarige ouderdom vrae oor God vra en teorieë oor die betekenis van die lewe formuleer. Die kleuter kan egter nog nie abstrak dink nie en het daarom 'n spesifieke konkrete voorstelling van God (Roux, 1988:5). Om God konkreet voor te stel, fantaseer die kleuter rondom die Godsbegrip en stel God as 'n bejaarde man met 'n baard voor, omdat prente en voorstellings wat hulle van God sien hulle feitlik geen ander keuse laat nie.

## DIE KOESTERING VAN SPIRITUALITEIT IN KINDERS

As gevolg van hul ontvanklikheid vir nuwe denke en idees het jong kinders baie potensiaal om spiritueel te ontwikkel, ook wanneer hulle met warmte, orde en konsekwentheid ondersteun en gelei word om die nie-materialistiese aspekte van die lewe te waardeer en aangemoedig word om hul kreatiwiteit te ontwikkel (Dowling, 2014:173). Roux (1988:1) beskryf hoe die kind in sy wese godsdienstige potensiaal het wat toegelaat moet word om maksimaal te ontwikkel en tot verwerkliking te kom. Roux (1988:1) sê dat die volwassene slegs die Woord van God aan die kind moet deurgee, sodat die kind God daardeur kan ervaar. Kinders se geestelike ontwikkeling word volgens Ofsted (2014) gedemonstreer deur

- hul religieuse en sekulêre opvattings wat hul lewensperspektief, belangstelling en respek vir ander mense se gevoelens en waardes inlig;
- die genot en verwondering wat hulle ervaar wanneer hulle oor hulself, ander en die wêreld rondom hulle leer;
- die benutting van verbeelding en kreatiwiteit tydens leer; en
- die gewilligheid om oor hul ervarings te reflekteer.

> It seems that our roles as parents, educators, and artists have become the focus of our existence and we have lost sight of our souls. For those who are longing for something more, moving from our roles to our souls means giving attention to our need for connections within ourselves, and with others, and especially with something higher within the universe (Irwin, 2007:1401).

Ouers en onderwysers het volgens Coles (1990:335) 'n verantwoordelikheid om die spirituele verwondering van die jong kind te koester, omdat spiritualiteit die menswees van 'n kind bevestig. Vialle *et al.,* (2005) beskryf die volgende vier temas wat relevant is tot die taak van skole en ander instansies ten opsigte van die koestering van kinders se spiritualiteit:

- Spiritualiteit integreer die hart, verstand en siel om 'n betekenis en doel te skep.
- Spiritualiteit beklemtoon die verwantskap tussen alle dinge, byvoorbeeld idees, mense en die natuur.
- Spiritualiteit het betrekking op etiese en deernisvolle besluitneming en die doelgerigtheid om 'n 'goeie lewe' te leef.
- Spiritualiteit word gesimboliseer deur 'n soeke na binne en die vermoë om bokant fisiese realiteite uit te styg.

Elke kultuur bevat rituele, stories, musiek, digkuns, kuns en argitektuur wat maniere is om te artikuleer wat nie in woorde uitgedruk kan word nie. Die rol van die opvoeder is in hierdie geval om 'n noodsaaklike grondslag vir taal en kulturele begrip vas te lê wat kinders sal help om hul eie spiritualiteit te begryp, met ander woorde begrip van hulself in verhouding tot die realiteit (Hay & Nye, 2006:157). Dit is dus nie spiritualiteit wat onderrig word nie, maar eerder die aspekte wat die leerder se begrip van identiteit verskerp sodat kinderspiritualiteit kan ontwikkel.

## KINDERS SE SPIRITUALITEIT EN KOGNISIE

Coles (1990:98) beweer dat die oorsprong van spiritualiteit ontstaan uit kinders se behoefte om te weet *waarom* en *wat*. Elke kognitiewe aspek van kinders is met hul spirituele denke verbind. Morele houdings en emosies, byvoorbeeld skaamte en skuldgevoelens, is die basis van 'n groot aantal van hul vroegste spirituele begrippe. Die strewe na spiritualiteit is vanaf 'n vroeë ouderdom afkomstig vanuit 'n innerlike sin vir nuuskierigheid en 'n gefassineerdheid met hul leefwêreld.

## KINDERS SE SPIRITUALITEIT EN INDIVIDUALITEIT

"You may house their bodies, but not their souls, for their souls dwell in the house of tomorrow, which you cannot visit, not even in your dreams" (Gibran, 1927:20). Hay en Nye (2006:64) beklemtoon die kompleksiteit daarvan om kinders se siele te 'besoek', soos in hierdie aanhaling van Gibran. Omdat die onderskeid tussen die spirituele en sielkundige aspekte van 'n kind se lewe vaag is, is Hay en Nye (2006:98) van mening dat die afhanklikheid van spiritualiteit op die individuele kontoere van persoonlike sielkunde duidelik in kinders na vore tree. Eweneens kan kinders se spiritualiteit ook nie van hul individualiteit geskei word nie. Holmes (2012:15) meen daarom dat hoewel daar gemeenskaplike aspekte is wat spiritualiteit in kinders kan bevorder, kan 'n aspek wat een kind se spiritualiteit bevorder, geen invloed op 'n ander kind hê nie. Hierdie feit moet in ag geneem word wanneer kinders op hul geestelike reis begelei word.

## KINDERSPIRITUALITEIT EN SANG

Neitz en Spickard (1990:20) het bevind dat 'n ingesteldheid op die onmiddellikheid van 'n musikale ervaring baie raakpunte het met die manier waarop mense dikwels hul religieuse of spirituele ervarings beskryf. Die rol van musiek in jong kinders se spirituele welstand word deur

Miller en Strongman (2002) beskryf as opheffing, transformasie, bemagtiging, motivering, 'n gevoel van welgeluksaligheid, 'n dieper verhouding met God en sekuriteit in daardie verhouding. Wills (2011:38) meld dat die spirituele aspekte van musiek nie net tot die spirituele welstand van kinders bydra nie, maar ook transformasie bewerkstellig.

## DIE KOESTERING VAN KINDERS SE SPIRITUALITEIT DEUR GROEPSANG

Die krag van musiek roer die siel, beitel en vorm emosies en stimuleer die verbeelding (McClure, 1999:37). Fischbaucher (2010:2) beskryf die mistieke, merkwaardige krag van 'n lied om die gemoed te lig. Sang kan as een van die universele aktiwiteite van musiekkulture beskou word en is een van die natuurlikste aspekte van die mens se bestaan, soos wat dit dan ook in musiek oor die wêreld heen openbaar word. Van die vroegste tye af word musiek vir onder meer lofprysing, aanbidding en gevoelsuiting gebruik (Durrant & Welch, 1995:48). Groepsang breek ook grense af, omarm en moedig diversiteit aan, bevorder gelykheid, ontwikkel harmonieuse verhoudings, koester kreatiwiteit, inspireer denke, verbeter samewerking en groepwerk, bring mense bymekaar, verbeter selfvertroue, verhoog die moraal, bevorder fisieke fiksheid, welstand en gesondheid, skep 'n gevoel van groeps- en persoonlike prestasie en verbeter produktiwiteit (Garozzo & Chapman, 2011:6). Sang in groepe fasiliteer kommunikasie wat verder as woorde strek, gedeelde emosionele reaksies veroorsaak en die ontwikkeling van groepsidentiteit ondersteun (Miell *et al.,* 2005). Mense voel dikwels bemagtig wanneer hulle saam met ander sing, omdat hulle dan minder blootgestel is aan kritiek (Durrant & Welch, 1995:48). Boyce-Tillman (2014:13) beskryf hoe groepsang gemeenskaplikheid op verskeie vlakke bewerkstellig en verduidelik hoe 'n groep mense, nadat hulle 'n lied saamgesing het, fisiese ooreenkomste getoon het deurdat hul polsslae gesinchroniseer het. Kinderspiritualiteit kan deur groepsang bevorder word, omdat liggaam en verstand geïntegreer word om singklanke te produseer, om na ander se sang te luister en om daarop te reageer (Garozzo & Chapman, 2011:1).

## KINDERLIEDERE VIR GEESTELIKE BEWUSSYN

Religieuse sang is dikwels lesse in geestelike doktrine wat Woordkennis verskerp (McClure, 1999:38). Heelwat geestelike kinderliedere is toonsettings van Bybelse teksverse of is op 'n sentrale tema gebaseer soos die skoonheid van die natuur, respek vir ouers of liefde vir jou medemens. Liedere wat leerders geniet om te sing en wat tydens informele gesprekke deur hulle uitgesonder is, is "Ek wil die Here loof" (Jeugsangbundel,[4] Lied 68), "Daar's vissies in die water" (Jeugsangbundel,[5] Lied 96), "Wie Wa Wonderwerk" (De Wet, 2009b), "Jesus you're my Superhero" (Hillsong Kids, 2004), "Wapenrusting" (De Kock, 1993), "My Pa is die Koning" (Ferreira, 2004), "In die dag van benoudheid" (Van Vreden, ongepubliseerd), "Tell it to Jesus" (Edmund S. Lorenze), "Die Here lewe" (Smit, 1997), "Gaan dan heen" (Ellison Mouton) en "Soos 'n wildsbok" (Liedboek,[6]

---

[4] Smuts, 1986:82.

[5] Smuts, 1986:112.

[6] Carstens *et al*., 2010.

Lied 163). Redes wat vir die keuse van liedere aangevoer word, is dat dit nie net die ritmes, melodieë en woorde is wat mooi is nie, maar ook die liedere in hul geheel. Wanneer 'n lied toepaslik is vir 'n spesifieke geleentheid en onder goeie leiding uitgevoer word, kan die resultaat 'n emosionele, misterieuse, saambindende en geestelike oefening wees (Fischbaucher, 2010:2).

## KINDERS SE ERVARINGS WAT MET SPIRITUALITEIT VERBAND HOU

Vier eienskappe van faktore wat 'n rol speel in 'n kind se ondervinding van 'n spirituele ervaring is volgens Roux (1988:1) dat dit

- *spontaan* is en nie 'n reaksie op die volwassene se aansporing nie;
- *kompleks* is waar gevoel, denke en morele aksies betrokke is;
- nie tot kulturele kondisionering *beperk* is nie; en
- 'n *diep* gevoel is wat nie net enkele funksies soos die visuele of ouditiewe betrek nie.


Hierdie basiese ervarings verander (met dat leerders se religieuse potensiaal ontwikkel) wanneer

- 'n diep vreugdesgevoel ontstaan;
- 'n misterieuse kennis ontstaan wat nie deur 'n volwassene oorgedra is nie;
- die kind van "nie-visuele" Bybelse verhale bewus word; en
- 'n dieper persoonlike gebedslewe ontwikkel deurdat gememoriseerde, egosentriese gebede in gebede van lofprysing en dankbaarheid teenoor God verander (Roux, 1988:2).

Uit my waarnemings tydens die gewyde sangperiodes en informele gesprekke met leerders is die onderstaande aspekte geïdentifiseer wat leerders se ervarings van gewyde sang wat met spiritualiteit verband hou, beskryf (Figuur 1).

### Gebed

Soos wat dit ook uit die informele gesprekke blyk, is daar vir leerders 'n nou verband tussen sang en gebed. Campbell (2010:228) het ook in haar navorsing bevind dat kinders van die teenwoordigheid van musiek in hul gebedslewe en geloofspraktyke bewus is. Leerders maak soms hulle oë toe wanneer hulle sing omdat hulle dan aan Jesus dink en hul harte gelukkig is. 'n Graad 7-dogter vertel hoe sy haar oë toemaak en dat God dan met haar praat. Wanneer sy sing, word sy deur die Heilige Gees omring en kan sy God loof en prys. Die Graad 1-leerders geniet dit om saam met die res van die skool te sing en te bid. Een van hulle verduidelik dat dit voel asof sy wil kniel soos in die Bybel wanneer hulle liedere sing tydens gewyde sang. Geestelike kinderliedere kan 'n geestelike bewussyn skep wanneer dit gebruik word vir aanbidding. Die graad 1-leerders hou van "Goeie Nuus" en "Soos die klei in die hand van die Pottebakker" (De Wet, 2009a), omdat daardie liedere hulle laat voel asof hulle tot Jesus wil bid. 'n Leerder het tereg opgemerk dat wanneer sy ook al deur die loop van die dag sing, dit haar laat voel asof sy wil bid.




**Figuur 1:** Kinders se ervarings van gewyde sang wat met spiritualiteit verband hou

**Emosie**

'n Jong dogter beskryf hoe sy altyd wil huil wanneer sy 'n mooi lied sing. Die emosionele aspek van 'n spirituele ervaring tree in hierdie geval sterk na vore. 'n Ander leerder se gunsteling deel van gewyde sang is wanneer hulle "Jesus het die kindertjies so lief, lief, lief" (Uys & Uys, 2009) sing omdat dit volgens haar die waarheid is dat Jesus hulle liefhet.

**Gevoelsuiting**

Musikale gevoelsuiting is nou verwant aan die intensiteit van 'n spirituele ervaring. Die eerste musiek wat kinders vir hulself kan toereken, is vokale gevoelsuiting (Campbell, 2010:240). Verskillende vlakke van harde en sagte musiek hou verskillende betekenisse vir individue ten opsigte van gevoelsuiting in; wanneer leerders byvoorbeeld in 'n aanbiddingslied sag sing, heers daar 'n intiemer spirituele atmosfeer. Jong leerders verkies dit om hard te sing, omdat dit hulle beter laat voel. Ouer dogters verkies weer 'n matige volume, terwyl ouer seuns dit geniet om as 'n groep luid te jubel. Die rede wat hulle hiervoor aanvoer, is dat niemand 'n individu kan hoor sing wanneer almal ewe hard sing nie. Hoewel hierdie aspek moontlik eerder die gevolg van seuns in die Senior fase se selfbeeldontwikkeling is, gee dit hulle tog die vryheid om hulself musikaal uit te druk sonder om vir die reaksie van die portuurgroep bang te wees, omdat niemand hulle kan hoor sing nie. Myns insiens is hulle dan ook vryer om hul eie spiritualiteit sonder pretensie te kan ontdek. Die rede wat Campbell (2010:240) hiervoor aanvoer, is dat party kinders aan hul portuurgroep uitgelewer word weens die intieme aard van bewustelike sang, terwyl dit in 'n bekende omgewing vir hulle makliker is om sang as sosiale aspek te geniet, om 'n idee of 'n gevoel te kommunikeer en om dit as emosionele uitlaatklep te gebruik. Dogters in die Senior fase geniet dit om te sing en wanneer hulle ongelukkig is, laat sekere woorde in die liedjies hulle beter voel, omdat almal nie altyd vol vreugde is nie en daar dae is wanneer hulle nie lekker voel nie.

**Lofprysing**

Ouer leerders geniet dit die meeste om te sing en só die Here te loof. Een van die ouer dogters beskryf hoe sy altyd "tot eer van God sing" en sê dat 'n mens nooit genoeg van God kan kry nie. Tydens die gewyde sangperiode dink sommige van die ouer dogters aan God, sy heiligheid, sy Woord en die daaropvolgende middag se aktiwiteite. Die ouer seuns dink aan hoe wonderlik God is (en hoe oulik die klein leerders is).

**Genot**

'n Dogter in die Intermediêre fase sing wanneer sy in die bed lê omdat dit haar wakker hou, terwyl die res van die groep dogters saam met die radio sing wanneer hulle van die lirieke hou. Graad 7-seuns sing gewyde sangliedere wat in hulle koppe maal in die stort, by die gimnastiek, in die motor en by die huis. Hulle geniet die *nice vibe* (aangename atmosfeer) wat tydens gewyde sang heers en is van mening dat skool beter is as gevolg van gewyde sang, omdat hulle meer oor God leer en terselfdertyd klasse mis! Hulle hou egter glad nie daarvan wanneer die jong leerders skree as hulle sing nie en hou ook nie van liedjies wat te lank is nie.

**Kreatiwiteit**

Kreatiwiteit manifesteer op verskillende maniere na gelang van leerders se ouderdom en ontwikkelingsfase. Leerders in die Intermediêre- en Senior fase beskryf hoe hul gedagtes dwaal terwyl hulle in gewyde sang sing; soms is hierdie gedagtes aan spirituele aangeleenthede verwant en soms aan alledaagse gebeure. Daarenteen dink een van die skoolbeginners in die Grondslagfase, tydens die gewyde sangperiode haar eie liedjies uit. Sy beklemtoon hoe lank dit neem om liedjies op te maak en dat sy met gekruisde bene in die saal sit totdat daar 'n liedjie in haar kop kom. Sy spring dan skielik op en hardloop na 'n groot koelteboom om 'n liedjie te gaan uitdink. Ná 'n paar oomblikke keer sy terug en begin spontaan sing: "Wat is die waarheid? God woon in jou. Die kindertjies hou van alles!". McPherson (2006:320) verduidelik dat leerders tussen die ouderdom van vyf en sewe jaar oor 'n verskeidenheid strategieë beskik om liedjies op te maak. Hierdie strategieë sluit narratiewe liedere in (wat dikwels herhalende figure bevat wat gedreunsing word) sowel as konvensioneler liedere met 'n duidelike begin en afsluiting, vier-frase strukture, herhaling, en strukture wat van hul eie musiekkulture ontleen is en ook op 'n manier getransformeer kan word. Oor die algemeen demonstreer skoolbeginners 'n duidelike begrip van musikale vorm en emosionele gevoelsuiting in hul opgemaakte liedere.

**Verbondenheid**

Daar is aan leerders gevra wat hulle maats doen en of almal tydens gewyde sang sing; die leerders in die Grondslagfase het hierop geantwoord dat selfs wanneer hulle maats nie sing nie, die res van hulle aanhou met sing. Hulle sê dat hulle in elk geval saamsing, al ken hulle nog nie al die liedjies nie. 'n Dogter in die Senior fase noem dat sy nie eens na die ander leerders luister tydens

gewyde sang nie, maar net sing. Soms, meen sy, dink van die leerders dat hulle stemme nie goed klink nie en dat hulle dan skaam is. Nietemin voel sy God se teenwoordigheid aan wanneer die hele skool saamsing. Daar is ook leerders wat nie in God glo nie, maar steeds vrywillig aan die gewyde sang deelneem.

## SAMEVATTING

Uit hierdie gevallestudie lei ek af dat 'n gewyde sangperiode waarin die hele skool saamsing, baie moontlikhede vir die koestering van spiritualiteit tydens die kinderjare inhou. Leerders beleef bewustelik en onbewustelik hul eie spiritualiteit deur gewaarwordinge en verwantskappe wat hulle tydens 'n gewyde sangperiode tussen hul eie ervarings trek. Kinders se spiritualiteit kan gekoester word wanneer musiekleiers bewus is van die wyses waarop leerders spiritualiteit ervaar en beskryf deur raakpunte met hul ervarings van gebed, emosies, gevoelsuiting, lofprysing, genot, kreatiwiteit en verbondenheid.

## BIBLIOGRAFIE

Barnard, A.C., Dressel, L.C., Van der Westhuyzen, J., Vos, C.J.A., Olivier, G.C. & Carstens, J.C. 1993. Jeugsangbundel II. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk.

Boyce-Tillman, J. 2014. Music and well-being. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa: Special edition: Music and Well-being*, 10(2):12-33.

Campbell, P.S. 2010. Songs in their heads. Oxford: Oxford University Press.

Carlsson-Paige, N. 2001. Nurturing meaningful connections with young children. *Reclaiming Children and Youth*, 10(1):17-23.

Carstens, J.C., Strydom, W.M.L. & Troskie, A.J.J., *reds. 2010. Liedboek van die Kerk.* Wellington: Lux Verbi.

Champagne, E. 2001. Listening to... listening for...: A theological reflection on spirituality in early childhood. (*In* Erricker, J., Ota, C. & Erricker, C., *eds*. Spiritual education. Cultural, religious and social differences: New perspectives for the 21st century.) Brighton: Sussex Academic Press. pp. 76-87.

Cillié, G.G., De Villiers, D.I.C., Hartman, A.C., Lamprecht, C.E., Malan, J.P., McLachlan, P., Pauw, J.J., Van den Berg, A.M. & Van der Westhuizen, H.P., *reds. 2007.* FAK-Sangbundel. 4de uitg. Pretoria: Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.

Coles, R. 1990. The spiritual life of children. London: HarperCollins.

Dowling, M. 2014. Young children's personal, social and emotional development. London: Sage.

Durrant, C. & Welch, G. 1995. Making sense of music. London: Cassell.

Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK). 2012. FAK-Sangbundel. Vol. II. Pretoria: Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.

Fischbacher, S. 2010. Music and spirituality. [Web:] http://www.educationscotland.gov.uk/

resources/m/genericresource_tcm4624921.asp?strreferringchannel=educationscotland&strreferringpageid=tcm:4-615801-64 [Datum van gebruik: 23 Mrt. 2015].

Garozzo, S. & Chapman, A. 2011. Singing. [Web:] www.businessballs.com [Datum van gebruik: 23 Mrt. 2015].

Gibran, K. 1927. The prophet. London: Heinemann.

Goldman, R. 1964. Religious thinking from childhood to adolescence. London: Routledge & Kegan Paul.

Greyling, P.F. 1951. Die Halleluja. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers van Suid-Afrika.

Hart, T. 2003. The secret spiritual world of children. Makawao, Maui, HI: Inner Ocean Press.

Hay, D. & Nye, R. 2006. The spirit of the child. Jessica Kinglsey Publishers: London.

Holmes, D. 2012. Promoting the spiritual health and well-being of children in primary schools. [Web:] http://www.spiritualengland.org.uk/files/7413/4919/1604/Spiritual_health_booklet.pdf [Datum van gebruik: 23 Mrt. 2015].

Hyde, B. 2008. Children and spirituality. London: Jessica Kingsley Publishers.

Irwin, R.L. 2007. Prelude: Plumbing the depths of being fully alive. (*In* Bresler, L., *ed.* International Handbook of Research in Arts Education. Dortrecht: Springer.

Lincoln, A. & Guba, E. 1985. Naturalistic enquiry. Beverly Hills, CA: Sage.

Mata, J. 2015. Spiritual experiences in early childhood education: Four Kindergarteners, one classroom. New York: Routledge.

McClure, J.S. 1999. Sing, child, sing! Church choral music and spiritual formation. *Journal of Family Ministry,* 13(3):36-45, Fall.

McCreery, E. 1996. Talking to children about things spiritual. (*In* Best, R., *ed.* Education, spirituality and the whole child.) London: Cassell.

McPherson, G. 2006. The child as musician: A handbook of musical development. New York: Oxford University Press.

Miell, D., MacDonald, R.A.R., Hargreaves, D.J., *eds.* 2005. Musical communication. Oxford: Oxford University Press.

Miller, M.M. & Strongman, K.T. 2002. The emotional effects of music on religious experience: A study of the Pentecostal-Charismatic style of music and worship. *Psychology of Music,* 30:8-27.

Neitz, M.J. & Spickard, J.V. 1990. Steps toward a sociology of religious experience: The theories Of Mihaly Csikszentmihalyi and Alfred Schuts. *Sociological Analysis*, 51(1):15-33.

Ofsted. 2014. The framework for school inspection. London: HMSO.

Otto, R. 1950. The idea of the Holy. Oxford: Oxford University Press.

Roux, C. 1988. My oop gemoed – 'n Handleiding vir kleutergodsdiensonderrig. Braamfontein: Saailand Produksies.

Roux, C. 2006. Children's spirituality in social context: A South African example. *International Journal of Children's Spirituality,* 11:151-163.

Smuts, M. 1986. Jeugsangbundel. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie Van Die Ned. Geref. Kerk.

Thun, T. 1964. Die Religion des Kindes. Zweite Auflage. Stuttgart: Ernst Klett.

Van der Merwe, L. & Habron, J. 2015. A conceptual model of spirituality in music education. *Journal of Research in Music Education*, 63 (1): 1-23.

Vialle, W., Lysacht, P. & Verenikina, I. 2005. Psychology for educators. Melbourne: Thomson/Social Science Press.

Wills, R. 2011. The magic of music: A study into the promotion of children's well-being through singing. *International Journal of Children's Spirituality,* 16:37-46.

Yob, I.M. 2011. If we knew what spirituality was, we would teach for it. *Music Educator's Journal,* 98(2):41-47.

## DISKOGRAFIE

Botha, D. 1996. Die Houtkruis. Menlyn: Maranatha. X8T-Q7Q-0FH-4 [CD].

Davis, C. 2002. Bob & Larry's Sunday morning songs. Nashville: Big Idea. 50276961 [CD].

De Kock, W. 1993. Wenners in X-tus. Menlyn: Maranatha. MARD137 [CD].

De Wet, J. 2007. Loflaaities 3 & In aanbidding. Menlyn: Maranatha. XF8-R7Q-0FH-2 [CD].

De Wet, J. 2009a. Jan de Wet en die loflaaities Versameling. Menlyn: Maranatha. MARD463-1 [CD].

De Wet, J. 2009b. Jesus is die beste! Menlyn: Maranatha. MARD434 [CD].

Ferreira, L. 2004. Ver by mooi verby. Randburg: Brettian. CDBRT 057 [CD].

Hamman, S. 1995. Simeon en tjommies. Menlyn: Maranatha. XMS-Q7Q-0FH-7 [CD].

Hillsong Kids. 2004. Jesus is my Superhero. Hillsong Music: Sydney. WHSACD181C [CD].

Mans, C. 2011. Clemens en die Kruiskyk Kewers. Boksburg: Vonk Musiek. VONK080 [CD].

Mans, C. 2013. Jesus is naby. Alphen Park: Kruiskyk. EF7/2013/0600 [CD].

Smit, P. 1997. My gebed vir jou. Menlyn: Maranatha. MARD193 [CD].

Uys, C. & Uys, L. 2005. Oom Karoolus en Lente sing 80 bekende Jesus-kinderliedjies. Johannesburg: Brettian. CDBRT343 [CD].

Uys, C. & Uys, L. 2009. Oom Karoolus en Lente sing weer baie Jesus-liedjies. Johannesburg: Brettian. DVDBRT393 [DVD].